

## VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN VIR SINODALE BYDRAES SDR 2017-10-27

---

### 1. OPDRAG

Die volgende besluit, m.b.t. sinodale bydraes, is tydens die 2016 sinodesitting goedgekeur:

#### ***“2.4.5 Sinodale bydraes relatief tot gemeente-inkomste en draervermoë***

##### **GOEDGEKEUR:**

***2.4.5.1 Die sinode neem kennis dat die STO besig is met ‘n suiwing en priotisering van die begroting in terme van die strategie***

***2.4.5.2 Die sinode gee opdrag dat die hele sisteem m.b.t. die berekening en vordering van sinodale bydraes grondig hersien word.***

##### **VOORSTEL 13 – GOEDGEKEUR (aanvullend tot 2.4.5)**

***Die Sinode besluit om 100% draervermoë as vertrekpunt te gebruik vir onderhandeling deur Ringsverteenwoordigers. Die (elke) gemeente se huidige finansiële posisie word in berekening gebring by die onderhandeling. Hierna word die (nuwe) draervermoë as persentasie bepaal.***

***Motivering: Hierdie werkswyse sal help om die historiese speelveld gelyk te maak.***

***FAC de Beer  
Voorsteller***

***C Janse van Vuuren  
Sekondant”***

Die SDR het by sy vergadering in Februarie 2017 die volgende opdrag aan ‘n taakspan o.l.v. Rehan Rheeder goedgekeur:

***Om die huidige stelsel grondig te ondersoek en die SDR met nuwe voorstelle te dien.***

### 2. UITVOERING VAN DIE OPDRAG

- 2.1. Die taakspan het vier vergaderings gehou waar daar o.a. besin is oor die redes vir die opdrag, die huidige situasie, hoe dit in ander sinodes werk, uitgangspunte vir ‘n nuwe benadering en ‘n nuwe bydrae-sisteem.
- 2.2. By die Junie-vergadering van die SDR is ‘n vorderingsverslag voorgelê. By die geleentheid het die SDR uitgangspunte vir ‘n nuwe sisteem goedgekeur.
- 2.3. Met die goedgekeurde uitgangspunte het die taakspan nog vier keer vergader, moontlike nuwe sisteme ontwerp en dit aan enkele gemeentes en ringe voorgelê vir kommentaar.
- 2.4. Hierna is ‘n vorderingsverslag aan die moderatuur voorgelê, waar die moderatuur besluit het dat die verslag nie soos aanvanklik beplan, elektronies afgehandel sal kan word nie, maar dat die finale verslag aan die SDR-vergadering van 27 Oktober voorgelê sal word.
- 2.5. In die lig van die voorafgaande is die verslag elektronies aan SDR-lede gestuur vir kommentaar, waarna hierdie finale verslag opgestel is. Die terugvoer is ter vergadering deur die taakspan beoordeel en aanbevelings is in die lig daarvan gewysig.

### 3. BESINNING

### 3.1. Tekortkominge

Die huidige formule het moontlik die volgende tekortkominge:

- Die formule is ingewikkeld. Dit veroorsaak dat gemeentes nie die sterkpunte daarvan, soos die inkomsteskatting, individuele persentasieformule, die semesterverslag en die finale berekening verstaan en benut nie.
- Dit gee aanleiding daartoe dat daar groot bedrae inbetaal moet word aan die einde van 'n finansiële jaar, wat lei tot frustrasie en konflik.
- Dit werk met historiese gegewens van 2 jaar gelede en projeksies daarop. Situasies kan wesenlik verander in 2 jaar.
- Dit gee te veel ruimte vir diskresie tydens onderhandelinge met te min bruikbare struktuur vir die vasstelling van 'dravermoë'.
- Dravermoë gee dan aanleiding tot onmotiveerbare verskille tussen gemeentes se bydraes en bring regverdigheid in gedrang.
- Dit werk binne 'n kultuur van en met 'n vertrekpunt van opponering – gemeentes onderhandel om so min as moontlik bydraes te betaal.
- Bogenoemde het daartoe bygedra dat sinodale bydraes sedert 2008/09 geen verhoging in randwaarde getoon het nie.
- Sinodale bydraes word d.m.v. dravermoë toegewings, met finansiële hulp aan gemeentes vermeng. Dit is aparte sake wat apart hanteer behoort te word.

### 3.2. Stagnering van sinodale bydraes

- Moeilike ekonomiese en politieke omstandighede speel waarskynlik 'n groot rol. Groei in BBP is uiters beperk en werkloosheid styg steeds.
- Daar lewe egter ook 'n perspektief van 'ons' en 'hulle' t.o.v. die sinode. Gemeentes sien die sinode as 'iets anders' as hulself, en nie as die organisasie waarvan hulle deel is nie. Kommunikasie kan verbeter om gemeentes te laat verstaan dat hulle die sinode is wat tydens 'n sitting besluit oor die etos, aspirasies, visie en prioriteite van die organisasie. Die leierskap (in al 3 die gestaltes nl. gemeente, ring en sinode) wat die visie van die sinode moet realiseer, word ook deur hulle verkies.
- Die persepsie bestaan dat die fondse wat by die sinodale administrasie lê iemand anders as die 'gemeentes as sinode' se eiendom is en wat deur 'die sinode' opgepot word. Die sinode het egter in sitting besluit dat die fondse as sekuriteit gehou word vir die betaling van mediese premiesubsidies vir die geslote groep emeriti en hul weduwees. Die fonds en waarde van die belegging word hiervolgens bepaal, en het reeds begin verminder soos wat die groep kleiner word.
- Sinodale bydraes word gesien as 'n 'belasting' op gemeentes, eerder as 'n offergawe vir die realisering van die identiteit en roeping van die sinode.

### 3.3. Kultuurverandering

Wanpersepsies vra vir 'n kultuurverandering oor sinodale bydraes. Dalk kan dit help indien die volgende duideliker gekommunikeer word:

- Die sinode is 'n familie wat *'een in liefde, een van hart en een in strewe'* 'n verskil in die Koninkryk wil maak.

- Die geld van die familie is in verskillende mandjies: vir werk by gemeentes, vir werk by ringe, en vir werk wat die sinode aan die SDR toevertrou om die hele sisteem te dien.
- Sinodale bydraes maak dus van gemeentes vennote in al die werksaamhede van die groter familie.
- Sinodale bydraes is gemeentes se dankbaarheid vir die Here se seën.
- Sinodale bydraes gaan nie oor 'wat kry ons as gemeente daaruit' nie, maar 'watter bydrae maak ons as gemeente tot die visie van die sinode, naamlik: *Bring Hoop, Maak 'n Verskil*.

#### 3.4. Hoekom dan 'n nuwe formule vir sinodale bydraes?

- Behalwe vir die sake genoem in 3.1 bo, is die nuwe formule daarop gerig om die speelveld vir gemeentes, wat oor 'n tydperk skeefgetrek geraak het, gelyk te maak en nie om meer bydraes vir gesamentlike werk in te samel nie. Die vaste persentasie is gebaseer op die bedrag wat tans vir die sinodale begroting ontvang word. Die proses van suiwing en prioritisering van die sinodale begroting gaan steeds voort.
- Die jaarlikse sinodale begroting werk op 'n inkomstebasis en word eers opgestel nadat daar sekerheid verkry is oor hoeveel die gemeentes gaan bydrae.
- Die bedrag wat van gemeentes ontvang word, het sedert 2008/09 nie verhoog nie (08/09 – R13 256 895 en 15/16 – R13 118 869).

#### 3.4. Riglyne vir 'n doelmatige formule

By Die SDR-vergadering van 9 Junie vanjaar is die beginsels in 3.4.1 goedgekeur, wat in die verdere besinning oor sinodale bydraes voortdurend by die oorweging van alternatiewe in ag geneem is.

##### 3.4.1. Eienskappe van 'n doelmatige nuwe formule:

- |  |
|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet eenvoudig en verstaanbaar wees</li> <li>• Moet deursigtig wees</li> <li>• Moet regverdig wees tussen gemeentes</li> <li>• Moet billik wees vir individuele gemeentes</li> <li>• Moet nie ondersteuning vermeng met sinodale bydraes nie</li> <li>• Gemeentes én die sinodale begroting moet beskerm word</li> <li>• Verkieslik 'n vaste persentasie vir almal</li> <li>• Gebaseer op totale inkomste</li> <li>• Gebaseer op resente inligting</li> <li>• Met 'n minimum van duidelike, ondubbelsinnig omskrewe aftrekkings.</li> </ul> |
|--|

3.4.2 Om die kultuur en negatiewe persepsies rakende sinodale bydraes te verander is kommunikasie van kardinale belang en die taakspan word versoek om spesifiek daaraan aandag te gee. 'n Kultuurskuif word hoofsaaklik deur verhoudings gefasiliteer, en die direkteur word daarom versoek om die onderliggende filosofie, die sinode as familie wat mekaar ondersteun, in sy skakeling met ringe en gemeentes telkens te beklemtoon.

3.4.3 Die taakspan het 'n kommunikasie-spesialis, Rikus Delport, betrek met die oog op die oordrag van die besluit aan gemeentes. 'n Eerste gesprek is reeds deur die

taakspan met hom gevoer. Die beplanning is dat die SDR-goedgekeurde verslag aan hom voorgelê sal word en dat die kommunikasie van die besluite onder sy leiding sal geskied. Rikus is tans media konsultant vir die Universiteit van Pretoria en Transnet. Hy was ook algemene bestuurder van die 'Finbusiness Media Company' wat die redaksie van Finansies en Tegniek en 'Finweek' ingesluit het.

#### **4. AANBEVELINGS**

- 4.1 **Dat die benaming "sinodale bydraes" voortaan vervang sal word met "bydraes vir gesamentlike werk" en die naam van die Taakspan vir Sinodale Bydraes sal wysig na 'Taakspan vir die Befondsing van Gesamentlike Werk';**
- 4.2 **dat alle gemeentes vanaf 1 Maart 2018 dieselfde persentasie sinodale bydrae sal betaal, nl. 6,5% van 90% van die gemeente se bruto inkomste; maar:**
  - 4.2.1 **dat daar 'n infaseringsproses van 4 jaar sal wees, in die opsig dat die volle 6,5% in die 2021/22 finansiële jaar betaalbaar sal wees, persentasiegewys ingefaseer volgens Aanhangel A.**
- 4.3 **dat gemeentes wat nie die infaseringsbedrag kan betaal nie, 'n gemotiveerde aansoek vir bedieningshulp by die ring indien. As die ring dit aanbeveel, word dit aan 'n taakspan bestaande uit die taakspanleier van die Taakspan vir die Befondsing van Gesamentlike Werk, die amptelike ringsverteenvoordiger vir finansies van die ring, verteenwoordiger(s) van die gemeente, die direkteur en die saakgelastigde, asook enige kundige wat die ring of gemeente wil koop, voorgelê vir onderhandeling;**
- 4.4 **dat versoeke vir enige aftrekking anders as die 10% deur die gemeente aan die ring voorgelê sal word en dat sodanige aftrekkings deur dieselfde groep wat bedieningshulp sal onderhandel (soos genoem in 4.3) onderhandel sal word;**
- 4.5 **dat die bedrag van die gemeente se bydrae bereken sal word op die gemeente se begroting vir die nuwe finansiële jaar, met die moontlikheid van wysiging in die lig van werklike inkomste na 6 maande en 9 maande;**
- 4.6 **dat daar, soos tans, 'n finale berekening en aansuiwering sal wees op grond van die geouditeerde state;**
- 4.7 **dat, waar konsensus nie bereik kan word rakende enige finansiële saak nie, die moderatuur as bemiddelaar, en die SDR as finale arbiter sal optree;**
- 4.8 **dat die besluit rakende befondsing van gesamentlike werk onmiddellik na goedkeuring geldig sal wees, ter wille van die tydsraamwerk vir implementering en die opstel van die nuwe begroting.**

#### **Taakspan**

Rehan Rheeder (taakspanleier),  
Paulus Burger, Louis Pretorius, Andries Smal, Wynand van Niekerk, André Vivier  
Paul Grobler (direkteur), Johan Kruger (saakgelastigde)